

8 Januarie

Skrifgedeelte: Josua 1:1-11 (OAV)

Fokusgedeelte: Josua 1:9-11

Wees sterk en vol moed

Na Moses se dood ontvang Josua die opdrag om die Israëliete die beloofde land in te lei. Dit was 'n moeilike opdrag. Oorkant die Jordaan woon groot en magtige volke wat gedugte vyande was. In die verte dein die vestingmure van groot stede op. Josua kon inderdaad bevrees en verskrik wees. Sou hy onder dié omstandighede sy opdrag kon uitvoer? Die Here versterk Josua sodat hy dit kan doen. Die Here sê: "Wees sterk en vol moed." Dit beteken dat Josua nie bevrees en verskrik moes wees nie. Hy het dit nodig gehad om hom blind te staar teen die moontlike bedreiging en gevare van die vyand nie. Hy moes nie terugdeins vir sy opdrag nie. Josua kon leef uit die belofte dat die Here met hom is oral waar hy gaan.

Op grond van die versterking van die Here handel Josua nou in die geloof. Hy beveel die opsigters van die volk om die laer deur te gaan en die volk te opdrag te gee om padkos gereed te maak, want oor drie dae sou hulle oor die Jordaan trek om die land wat die Here aan hulle beloof het, in besit te neem.

As gelowige het jy die opdrag om die onbekende toekoms in te gaan. Is jy dalk bevrees of verskrik vir dit wat op jou lewenspad mag kom? Dink maar aan al dinge wat jou elke dag bang en verskrik maak. Soos die Here Josua versterk het vir sy opdrag, so verseker die Here jou van dieselfde hulp en bystand. In Jesus Christus kry die versterking van die Here aan Josua vir jou as gelowige kind van die Here 'n besondere betekenis. Jesus Christus is Immanuel: *God met ons*. Deur sy dood en opstanding kan jy verseker wees dat daar niks is wat jou van die liefde en nabyheid van die Here kan skei nie. Op grond van hierdie wonderlike waarheid kan jy elke dag in geloof die toekoms ingaan. Wees sterk en vol moed! As die Here by jou is, hoef jy niks te vrees nie.

Sing: Psalm 25:6 Ds AF Berg (Bothaville)